

# Donderdag 1 April

Skrifgedeelte:  
Galasiërs 1:1-7

Fokusgedeelte: Galasiërs 1:6 (1983- of  
Direkte Vertaling)

## **Ten spyte van die genade en vrede wat van God kom, draai baie weg na 'n ander evangelie**

Paulus het die evangelie (goeie nuus) aangaande Jesus Christus in Galasië verkondig en so het mense tot geloof gekom. Verskeie gemeentes is gestig en alles het goed verloop totdat Joodse bekeerlinge begin het om dinge by die evangelie te voeg.

Ons praat van 'n Christus-plus evangelie. Christus plus jy moet ook:

- net sekere kosse eet (2:12),
- die Joodse feeste onderhou (4:10),
- as jy manlik is jou laat besny (5:2).

Geloof in Christus was volgens hierdie Joodse Christene dus nie genoeg nie.

Direk nadat hy hulle geseën en herinner het aan hoe God hulle redding bewerk het (1:1-5), spreek hy sy verbasing uit omdat hulle so vinnig wegdraai na 'n ander evangelie toe. Hy beklemtoon dat daar eintlik geen ander evangelie is nie en waarsku die gelowiges teen die mense wat hulle probeer verwar met 'n verdraaide evangelie.

Vandag is daar steeds sulke dwaalleraars wat verpligtinge by die evangelie voeg. Byvoorbeeld: 'n mens moet in Christus glo, plus jy moet ook:

- weer- of gróót gedoop word,
- in tale praat,
- die Saterdag-Sabbat hou, ensovoorts.

Alhoewel hierdie dinge binne konteks wel belangrik is, is niks daarvan noodsaaklik vir ons verlossing nie. Die sondaar aan die kruis langs Jesus is gered deur sy geloof alleen. As ons as sondaars iets moet byvoeg om gered te word, word die evangelie vergiftig. Die sondige mens kan niks bydra om God met die verlossing te help nie!

Kom ons waak teen verdraaide en verwarrende evangelies wat ons geestelike groei kan belemmer, omdat geen mens genoeg dae kan byvoeg vir meer sekerheid of 'n beter verlossing nie. Moenie op mense (prinse) vertrou nie, maar ook nie op jou eie vermoë nie, vertrou Jesus Christus alleen.

*Sing: Psalm 146-1:1, 2*

*Ds. GA Venter (Regardt) (Krokodilrivier/Brits)*